



Info Forum

Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke



IN DIE UITGAWE:

Bladsy

- 1 - LibQUAL
- 2 - Biblioteek 60 jaar oud
- 2 - WiFi
- 2 - Facebook
- 3 - Koffiekroeg
- 4 - Elektroniese sluitkassies
- 4 - Gratis boeke
- 4 - Waterskade
- 5 - Nuwe databasisse
- 5 - Nuwe boeke
- 5 - Opleidingslokale

LibQUAL

Julle sê “.....”, ons luister en doen!

Tydens 'n LibQUAL-meningsopname in April 2008, was onderstaande twee van die “wense” wat ons gebruikers gehad het:

.....plek waar ons mag eet en drink terwyl ons swot, selfs net koffie sal goed wees

Ek dink iets soos 'n “CoffeeShop” in die hoofbiblioteek sal baie oulik wees

As daar 'n ruimte kan wees om koffie te koop en drink byvoorbeeld soos 'n koffiemasjien!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!
en

chairs in the library are not the ones where one can sit for 4 hours and study

.....it is difficult however to get together to do group work.

Wat gebeur nou in 2011? Die koffiehuis word 'n realiteit na die wintervakansie en die tweede vloer is ingerig vir groepswerk met gemaklike en kleurvolle sitplekke en praktiese tafels. Bogenoemde twee is maar enkele van die voorstelle wat gebruikers gemaak het waaraan ons met graagte kon voldoen.

Ons hou van tevrede gebruikers en daarom is dit vir ons belangrik om te weet wat ons gebruikers se verwagtings en ook persepsies is. Om hierdie rede doen ons in Meimaand weer 'n LibQUAL-meningsopname. LibQUAL is 'n vraelys wat ontwikkel is deur die “Association of Research Libraries” en wat deur middel van vraelyste biblioteke se diensvlakke meet. Deur die voltooiing van vraelyste word gebruikers se persepsies oor die kwaliteit van dienslewering gemeet, en kan gapings geïdentifiseer word tussen die gebruikers se persepsies van ideale dienslewering en die diens soos wat dit deur die gebruiker ervaar word. Die opname meet drie kernaspekte van ons diens, naamlik die houding van ons personeel, die kwaliteit van ons inligtingsverskaffing, en die beleving van die biblioteekgebou as plek.

Daarom vra ons in Meimaand so 6 minute van jou tyd om die [vraelys in te vul](#). Ons moet en wil weet wat jy dink sodat ons Biblioteek optimale ondersteuning en hulp kan bied in die akademiese omgewing.



Ferdinand Postma-Biblioteek: Hoeksteenlegging, 17 Maart 1951 – 60 jaar gelede

Saterdag 17 Maart 1951 was 'n belangrike datum in die Universiteit en ook in die Biblioteek se geskiedenis. Dit was die hoogtepunt van die feesvierings van die selfstandigwording van die PUK - voortaan die PU vir CHO. Dit was ook die dag waarop die hoeksteen gelê is vir 'n nuwe Biblioteekgebou. Nadat die vertrekke in die noord-oostelike vleuel van die historiese Hoofgebou, waarin die Biblioteek toe gehuisves was, in 1949 in 'n brand vernietig is, het die oprigting van 'n "nuwe brandvrye biblioteekgebou" baie hoë prioriteit geniet. [Lees meer ...](#)





WiFi

Nou kan jy selfs tussen die rakke staan in die Biblioteekgebou terwyl jy jou e-pos lees, eFundi besoek of 'n soektog doen op die elektroniese databasisse. Dis is te danke aan die Universiteit se (WiFi) radionetwerk wat so te sê die hele gebou dek. Jy hoef nie meer trappe af te hol om 'n oop rekenaar in die 'lab' te gaan soek nie - al wat jy nodig het is jou skootrekenaar, 'n kort prosedure en 'n aktiewe personeel- of studentenommer om te haak aan hierdie netwerk. Dit gaan binnekort regoor die hele kampus beskikbaar wees. Indien jy slegs internettoegang wil verkry, kan jy aan die Safricom netwerk haak. Bewyse daarvoor word verkoop by die Biblioteek se kassiere.



Facebook

Die Potchefstroomkampus-Biblioteke het onlangs met 'n [Facebook-blad](#) begin waar inligting oor die Potchefstroom Biblioteke geplaas word. Die missie van die blad is om professioneel en kreatief betrokke wees by die NWU se soeke na kennis en innovering.

Gaan  die blad en bly so op hoogte van die nuutste ontwikkelinge in die Biblioteek. Daar is ook 'n  [1-Stop Library](#) waar jy toegang kry tot databasisse, proefskrifte, interbiblioteeklenings, jou gebruikersrekord en vele meer.

'n Koffiehuis in die Biblioteek?!!

Ons wil graag 'n besoek aan die Biblioteek 'n aangename en belonende ervaring maak en sien daarom ook die voorsiening van ietsie te ete en drinke as 'n uitbreiding van die Biblioteek se dienste. Wêreldwyd is die verskaffing van verversingsfasiliteite byna altyd 'n deel van die verjongingskuur van biblioteke in die rigting van groter openheid en sosiale groepsgerigtheid.

Die ruimte wat vir die koffiehuis geïdentifiseer is maak deel uit van 'n ruimte wat tans gebruik word vir o.a. die lees van koerante, tydskrifte of om te ontspan met 'n lekkerlees-boek. Soms word daar lewendige gesprekke gevoer oor haas enige onderwerp. Dit grens ook aan die groepstudieruimte waar stilte nie 'n vereiste is nie en waar studente met skootrekenaars en ander studiemateriaal in groepe opdragte kan bespreek en uitvoer.

Ons weet dat daar beslis by beide personeel en studente aanpassings gemaak moet word oor verversings in die Biblioteek en die bestuur daarvan mag uitdagings bied. Aan die ander kant kan 'n mens besef dat die inbring van kos in die Biblioteek nie slegter kan wees vir boeke as waaraan hulle blootgestel word as hulle uitgereik word en oor 'n koppie koffie en 'n pizza tuis geraadpleeg word nie. Die verversings wat te koop aangebied word sal bestaan uit ligte verversings wat reeds voorberei is. Die kombuis sal dus nie kos voorberei nie, maar sal wel bv. toebroodjies, vrugte, koeke, muffins, koffie, tee, sjokolade drankies, vrugtesappe, ens. verskaf. Die ideaal sal wees om te konsentreer op laevet gesonde kos, maar daar sal darem ook altyd plek wees vir lekker kaaskoek of ander dekadente verleidings! Hierdie verversings sal bedien word in die koffiehuis en studente sal nie die kos mag indra na die res van die Biblioteek nie.

Die bou-en breekwerk aan die koffiehuis is begin, die meeste van die meubels is reeds aangekoop en ons kan nie wag dat 18 Julie aanbreek nie. Daardie dag gaan ons die koffiehuis feestelik in gebruik neem met 'n gratis koppie koffie vir al ons gebruikers!



Elektroniese sluitkassies

Elektroniese sluitkassies is op die grondvloer, langs Nashua, in die Ferdinand Postma Biblioteek geïnstalleer.

Die 48 sluitkassies bied 'n maklike, veilige en gerieflike fasiliteit vir studente en personeel om persoonlike items soos skootrekenaars, sakke of enige ander items veilig te stoor vir 'n bepaalde tyd.

Die sluitkassies werk op 'n R1/1 uur basis:

- 1 uur = R1
- 2 ure = R2
- 5 ure = R5

Instruksies vir die gebruik daarvan is op die sluitkassies aangebring.

Die Biblioteek behou die reg om na 72 uur onopgeëiste items te verwyder.



Gratis boeke

Ons het in die verlede al die ou boeke waarvan die Biblioteek geen nut meer het nie, van tyd tot tyd op tafels in die voorportaal geplaas waar enige een daarvan kon neem.

Daar is nou 'n spesiale rak in die voorportaal waarop ons hierdie boeke deurlopend gaan plaas. Geen spesiale kennisgewings gaan dus voortaan uitgestuur word nie. U moet asb. self van tyd tot tyd die Biblioteek besoek om te sien wat beskikbaar is.

Vir navrae e-pos Renie Laage by renie.laage@nwu.ac.za of skakel 018 299 2789.


Waterskade

Op 5 Maart 2011 is 'n kraan in die Ferdinand Postma-Biblioteek oop vergeet tydens onderhoudswerk aan waterpype.

Die gevolg daarvan was dat water gestroom het na die Kataloguskamer en Inligtingsdepartement op die grondvloer van die Biblioteek. Van die water het selfs deursyfer na die kelder.

Van die meubels in die Biblioteek het skade gely.

Ons doen asb 'n beroep op gebruikers om altyd alle krane toe te draai al kom daar geen water uit nie.



Nuwe databasisse

Die Biblioteek het onlangs toegang verkry tot die volgende databasisse:

ACM Digital Library (Advanced Computing Machinery)

ACM word wêreldwyd beskou as die toonaangewende vereniging vir rekenaarwetenskaplikes. Via ACM Digital Library word tydskrifte, konferensies, werksinkels en elektroniese forums in die rekenaarwetenskap beskikbaar gestel.

Tydskrifindekse

Die Biblioteek het begin 2011 ingeteken op die volgende drie tydskrifpakkette: **SpringerLINK**, **Wiley Online Library** en **Taylor & Francis**. Hierdie intekeninge lei tot 'n dramatiese verhoging van toegang tot elektroniese tydskrifinhoud. Die inhoud van hierdie pakkette word op een platform binne die **A-Z tydskriflys** beskikbaar gestel.

PsycArticles

Hierdie databasis van die APA (American Psychological Association) word via die EbscoHost koppelvlak beskikbaar gestel. PsycArticles verleen voltekstoegang tot sowat 80 tydskrifte van die APA en is nie net nuttig vir Psigologie nie, maar ook vir Gesondheidswetenskappe in die algemeen asook vir Opvoedkunde.

SciFinder

SciFinder word primêr gebruik vir die verkryging van chemiese inligting en word saamgestel deur die American Chemical Society.

SMART Imagebase

Dié databasis gee toegang tot meer as 20 000 illustrasies en animasies in die anatomie, fisiologie, chirurgie, siektetoestande, embriologie, histologie en ander verwante onderwerpe in die gesondheidswetenskappe.

CAB Abstracts

CAB Abstracts® (1973 to Present), beskikbaar via EbscoHost, dek navorsingsliteratuur in die toegepaste lewenswetenskappe insluitend landbou, bosbou, menslike voeding en die omgewing.

RILM Abstracts of Music Literature

Ook beskikbaar via EbscoHost, is RILM - 'n omvattende bibliografiese databasis in musiek. Dit verskaf wye dekking vir musieknavorsers. Die dekking wissel van hip-hop musiek tot Händel, van musiekterapie tot musiekonderrig en -teorie. Dekking strek vanaf 1967.

Nuwe boeke

Nuwe boeke word geplaas op die nuwe boeke-rak langs die kassiere in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Nuwe aanwinste kan ook elektronies besigtig word by: http://www.nwu.ac.za/library/new_acquisitions_a.html

Vir enige navrae rondom die aankoop van materiaal kontak gerus vir Christine Schutte by 018 299 2789.




Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl. *Besembos* en *Tarentaal*, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar by 018 299 2802 indien u dit wil bespreek.



Besembos



Tarentaal